



PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

RUGBYBELEID: 2017

1. Indeling van spanne en afrigters

Die indeling van spanne en afrigters word elke jaar deur die Rugbyhoof gedoen. Die volgende word in ag geneem:

- Kwalifikasie van afrigter
- Ondervinding met spesifieke ouderdomsgroep
- Entoesiasme
- Afwisseling vir potensiële groei.

Hierdie indeling sal jaarliks hersien en indien nodig aangepas word.

O/13 A-spanne het die voorreg om twee afrigters te hê. Indien daar afrigters en fondse beskikbaar is kan dit ook vir O/11 A en O/9 A spanne oorweeg word.

Versoeke sal oorweeg word in belang van die spel en die skool. Alle afrigters moet egter oor `n geldige BokSmart akkreditasie beskik.

Studente en hulpafrigters

Daar mag van buite-afrigters (ouers, studente, kundiges) gebruik gemaak word. Die sportbeleid bepaal dat ouers wel mag help met afrigting, maar nie waar hulle eie kinders betrokke is nie. Studente-afrigters moet ook tydens wedstryde beskikbaar wees. Buite-afrigters wat as skeidregters kan optree moet oorweeg word, maar die eerste prioriteit moet sy kennis en vaardigheid as afrigter wees.

2. Proewe

Skoolproewe word aan die einde van die vierde kwartaal gehou in ouderdomsgroepe wat aan toere en toernooie in die volgende jaar deelneem.

Die jaargroepe waarin seuns deelneem is as volg:

6 en 7 jaar is O/7

8 en 9 jaar is O/9

10 en 11 jaar is O/11

12 en 13 jaar is O/13

Maak baie seker dat daar nie n speler in jou span is wat te oud is nie.

Vir die kies van toerspanne word almal in die ouderdomsgroepe O/11 en O/13 genooi om hul name en voorkeur posisie op `n lys by die betrokke afrigter op te gee. Die afrigter stel dan so veel as moontlik spanne op en nooi dan die spelers om deel te neem. Na die eerste rondte proewe word twee spanne gekies wat aan `n volgende rondte proewe deelneem. Na afloop van die proewe word 18 spelers aangewys, met die moontlikheid dat nog twee spelers later bygevoeg kan word. Geleentheid word dus gegee vir nuwe seuns wat by die skool inskryf om hulself te bewys en deel te word van die toergroep.

Vir die kies van O/9 spanne word alle seuns in 4 groepe verdeel. Vir die eerste paar oefeninge word slegs vaardigheidsoefeninge gedoen om te bepaal in watter groep die seuns geplaas moet word. Daarna word 4 spanne gekies wat dan teen mekaar speel. Afrigters sal dan na afloop van die proewe hul spanne kies. Dit staan egter die afrigter



PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

vry om spelers te ruil soos wat hy verkies. Mede-afrigters moet gebruik word om te help met spankeuses.

Geen O/14 seun mag vir die skool se spanne gekies word nie. Moedig hom aan om by die hoërskool van sy keuse in te skakel. Afrigters kan hulle ook gebruik vir allerhande takies soos; baljoggies, telbord operateurs water aandraers, versorging van truie ensomeer

3. Kies van spanne

Rugby funksioneer onafhanklik van netbal en daarom vind proewe en die kies van spanne eers na afloop van die krieketseisoen plaas, behalwe in gevalle waar sekere spanne aan vooraf wedstryde of toere gaan deelneem. Sien die jaarprogram vir vasgestelde datums.

Die eerste paar wedstryd dien steeds as proewe in ons strewe om die beste span te kies. As 'n speler nie sy kant bring nie of sy vaardighede nie pas by die spelpatroon nie, mag die afrigter die speler met 'n ander speler van dieselfde ouderdomsgroep uitruil. Dit kan deurlopend gedoen word en afrigters moet dus gereeld met mekaar kommunikeer. Goeie spelers mag nie teruggehou word nie en hom van die voorreg ontnem om op 'n hoër vlak te speel nie. A en B spanne kies hul sterkste spelers vir die span. C-spanne moet ekstra spelers akkommodeer deur spelers op 'n rotasie basis uit te ruil vir wedstryde.

Inpakspelers wat reeds vir 'n laer span gespeel het, maar as reserwe optree hoef nie noodwendig te speel nie, maar indien dit nie die geval is nie, moet hulle 'n kans gegun word. Ruiling moet na halftyd of besering gemaak word. Hierdie reëling moet duidelik met die seuns gekommunikeer word.

4. Afwesighede

Indien daar 'n speler afwesig is, mag die afrigter die beste speler in die betrokke posisie van die laer span kies. Dit moet vroegtydig met daardie span se afrigter gekommunikeer word.

5. Oefeninge

Oefeninge word vasgestel aan die begin van elke seisoen en word op die kwartaalike buitemuurse rooster aangedui. Seuns wat gedurende die eerste kwartaal betrokke is by atletiek, swem, tennis en skaak moet voorkeur geniet by eersgenoemde sporte. Hokkie is egter 'n 3de kwartaal sport en rugby kry dus voorkeur.

6. Oefentye

Gedurende die rugbyseisoen word daar op Maandae en Donderdae vir 'n uur op die veld geoefen soos op die Buitemuurse Rooster aangedui is. Spanne kan ook op die Muddpleinveld oefen indien daar te veel spanne by die skool oefen. Hierdie oefeninge sal ook op die Buitemuurse rooster aangedui word.

Woensdagmiddae word uitgesit vir ligawedstryde, maar indien daar nie op die betrokke Woensdag geskeduleerde wedstryde sou plaasvind nie, word die Maandagrooster herhaal. Afrigters moet hou by die oefentye soos aan hulle gegee.



PRIMÈRE SKOOL UNIVERSITAS

7. Klinieke

Indien daar klinieke gereël word, moet dit binne hierdie oefentye val of dit kan gedurende `n beskikbare naweek/vakansie gereël word. Daar moet gepoog word om klinieke vroeg in die seisoen vir alle spanne te reël. Donderdae se oefeninge kan ook in kliniekformaat gedoen word.

Belangrike punte vir afrigters:

- Wees altyd betyds by die oefeninge.
- Wees voorbereid vir elke oefening/wedstryd en gebruik moderne apparaat en toerusting waar moontlik. Benut die skool se toesusting
- Goeie dissipline moet gedurende die oefening/wedstryd heers.
- Gemaklike oefenklere moet deur die afrigter en spelers gedra word.
- Indien `n afrigter weens omstandighede nie die dag `n oefening kan bywoon nie kan die oefening gekanselleer word, mits dit die vorige dag aan die spelers en ouers deurgegee word. Slegs in noodgevalle soos reën en siekte kan oefening op dieselfde dag gekanselleer word. Seuns moet die geleentheid gegee word om ouers te kan skakel indien die kansellasie hulle en die ouers se reëlins raak. Lig asb. ook die kantoor asook jou oefengroep in rondom en enige veranderinge tov van jul reëlins.
- Buite-afrigters wat nie by die oefening kan wees nie, moet betyds by die rugbyhoof en sportorganiseerder verskoning maak sodat alternatiewe reëlins getref kan word.
- Indien `n afrigter nie `n wedstryd weens omstandighede kan bywoon nie, moet `n kollega u span namens u hanteer. Geen ouer. Rugbyhoof is verantwoordelik vir hierdie reëling.
- Na afloop van elke oefening/wedstryd is die afrigter en spelers verantwoordelik vir die netheid van die veld. Sorg dat alle toerusting op hulle plekke gebêre word. Sluit asb. alle store. Alle papiere, bottels en klerasie moet verwyder word.

8. Toere en klerasie

O/11 en O/13 spanne neem normaalweg aan toere of toernooie deel. Dit staan egter die afrigters van O/11 B & O/13 B vry om aan toernooie wat mag opduik deel te neem, of om kort naweekuitstappies te organiseer. `n Pa en seun naweek met twee wedstryde kan ook vir die O/9 A-span gereël word.

Klerasie vir hierdie toergroepe moet in oorleg met die klerebeleid wees. (Let op na riglyne van seniorspanne)

9. Ander pligte

`n Werksverdeling met sekere verantwoordelikhede word jaarliks opgestel. Afrigters word op `n rotasie basis gebruik en moet toesien dat hul hierdie pligte stiptelik uitvoer. Alle afrigters moet egter beskikbaar wees vir pligte tydens Rugbydae en ander tuis-en-wegwedstryde.

Tydens wegwedstryde word daar ook van afrigters verwag om busdiens te doen. Soms gebeur dit dat die netbalwedstryde lank voor die rugbywedstryde afgehandel is. Die betrokke afrigters wat verantwoordelik is vir daardie dag se busdiens kan met die netbalafrigters reël wat saam met hulle op busdiens was of dit nodig is dat die dames



PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

moet wag tot die rugbywedstryde afgehandel is en of alternatiewe reëlings getref kan word.

10. Ouerinmenging

Geen ouerinmenging moet geduld word nie. Afrigter(s) kan ouer(s) vra om tydens `n oefening/wedstryd die veld of perseel te verlaat. Die Sporthoof en Hoof moet in kennis gestel word van onderonsies. Indien `n ouer ongelukkig is oor `n saak kan `n afspraak gemaak word by die Sporthoof/Hoof om die saak op te neem.

Die ouers het via die leerders se huiswerkboekie `n toeskouersgedragskode ontvang waarby gehou moet word. Hierdie ouers moet dit teken en dus onderneem hul daarby om by die reëls te hou.

Neels Gunter
SPORTHOOF

M. Coomans